

24 November

**Skrifgedeelte: Efesiërs 6:10-20**

**Fokusgedeelte: Efesiërs 6:16**

### **Geloof as skild in jou stryd teen die Bose**

Ons het reeds gister in 1 Korintiërs 15 gesien hoe maklik die leuen mense van die ware geloof in Christus kan laat afdwaal. Ons teksgedeelte vandag spel die gevaar nog duideliker uit. Ons is in 'n oorlog met Satan gewikkel en ons het wapenrusting nodig om teen sy aanvalle staande te bly. In hierdie gedeelte gee die Here deur Paulus vir ons die wapenrusting wat ons nodig het om die aanvalle van Satan af te weer en ook self tot die aanval oor te gaan. Ons fokus vandag net op een verdedigingswapen, naamlik die skild van geloof.

Satan skiet brandende pyle op ons af om ons te wond en dood te maak. Die woord wat hier gebruik word vir "pyle", beteken ook "missiele". In terme van vandag sou ons dan weet dat missiele dodelike aanvalswapens is. Dit kan van ver afgevuur word en is dodelik akkuraat. Net so ook die missielaanvalle van die duiwel. Sy brandpyle kom onverwags en uit alle rigtings en ons moet altyd ons geloof as skild gereed hê om die brandpyle af te weer. Die skild waarvan hier gepraat word, was 'n groot, vierkantige skild van hout en met leer oorgetrek. Voor die geveg het die soldate hierdie leer met water deurdrenk om so die brandpyle van die vyand te kan uitblus. Net so moet ons geloof gebruik om die brandpyle van die Bose af te weer.

Wat is hierdie brandpyle? Dit is enige taktiek wat die duiwel gebruik om jou in die geloof te laat wankel. Dit is leuens, dwaalleer, twyfel, vrees, haat of enigiets wat jou geloof in God ondergrawe en jou lewe met sonde aan bande lê. Dink byvoorbeeld aan Satan se eerste taktiek toe hy Adam en Eva met 'n leuen tot sonde aangespoor het en wat die vernietigende uitwerking van daardie brandpyle op die ganse mensdom was.

Gelukkig het God ons deur sy genade in Christus van die skild van geloof voorsien. Geloof wat elke dag in werking kom wanneer ons die brandpyle van die Bose afweer met die waarheid van die Woord, die sekerheid van ons verlossing in Christus en die vrede wat dit bring, die onherroeplikheid van ons oorwinning saam met Christus en die liefde as gawe van die Gees. Wanneer ons in die geloof aan dié dinge vashou, blus ons die brandpyle van Satan daarmee. Dan kan sy brandpyle ons nie beseer of doodmaak nie!

Paulus sê in vers 16 "by dit alles" moet ons die skild "opneem". Dit beteken eintlik: die skild is die heel belangrikste verdedigingswapen wat God ons gee. Jou geloof in al die waarhede van die Woord is jou heel sterkste wapen om die Bose se aanslag af te weer. Neem dit op, oefen jou daarin en wees gereed! Met geloof in die hand hoef ons nooit die Bose te vrees nie, want daarmee beskerm God ons! Hou ook vandag jou skild omhoog!

*Sing: Psalm 18-1:16*

*Ds. P Venter (Potchefstroom-Oos)*